

Maandelikse gemeentebrief Mei 2017

Die kerk, die bruid van Christus, is 'n baie spesiale deel van ons almal se geloofspad; 'n groep mense wat saam droom, saam werk en saam die lewe deel. Ons deel ons hartseer en ons geluk. Ons deel ons twyfel en ons opwinding. Ons geniet mekaar se geselskap en teenwoordigheid en stoei ook saam oor moeilike dinge. Die mens is nie gemaak om alleen te wees nie, veral nie om alleen te aanbid nie. Ons het mekaar baie nodig.

Die afgelope tyd is ek gekonfronteer met die uiterstes van die lewe, en dit alles in een gemeente. In een week word drie lidmate begrawe, 'n baba gedoop, sluit nuwe lidmate by die kerk aan, moet lidmate hoor dat hulle ernstig siek is en sien ander wonderwerke op 'n plaas in die Vrystaat. Terwyl soveel verskillende emosies deur my gedagtes gaan is daar net een ding wat my kop bo water laat hou – Jesus! In al die bogenoemde situasies speel Jesus 'n baie aktiewe rol. Hy troos dié wat hartseer is. Hy neem vir ewig eienaarskap van 'n klein babatjie wat gedoop word. Hy lei dié wat in vreemde, nuwe situasies inbeweeg. Hy stap en huil saam met dié wat hartseer nuus ontvang en dan bewys Hy homself ook nog deur kragtige dae.

Liewe vriende, ek kan met groot oortuiging sê dat Jesus ernstig aan die werk is by NG Weltevreden. Dit is duidelik sigbaar in die aantal lidmate wat opstaan om Sy hande en voete te wees. Ja, Jesus werk kragtig op Sy eie manier, maar Hy werk veral deur my en jou. 2 Korintiërs 5:20 sê dat ons verteenwoordigers van God is waar ons ook al gaan. Waar ons troos, daar troos God. Waar ons fees vier, daar vier God fees. Waar ons huil, daar huil God saam. Hy deel alles met ons.

Ja, die lewe is ingewikkeld en gooi gereeld nuwe uitdagings oor ons pad, maar ek wil graag vir elke lidmaat vra om die volgende te onthou:

Deur Jesus Christus het ek en jy die voorreg om deel te wees van Sy liggaam, omring deur baie mense wat regstaan om te help en te dien waar die geleentheid opduik. Omring deur Jesus se hande en voete. Ons is Sy bruid en Hy is baie erg oor ons, Hy los ons nooit alleen nie. Nooit!

Groete
Ferreira Marais